17 Maart 2023

Geagte Ouers

Die afgelope week was baie besig met fotodag, gr.7-uitstappie, gr. RR en R se atletiek- en boersportdag en die manne se Ramme-aand. Dan het die seniorafdeling ook hul laaste kwartaaltoetse geskryf.

Aan elke **gr. RR- en R-ouer** wil ons baie dankie sê vir julle ondersteuning by ons jaarlikse Atletiek- en Boeresportdag. Die toekoms lyk rooskleurig en daar is baie potensiaal wat Eureka se naam op die atletiekveld nog hoog gaan hou. Met dit gesê, wil ons graag die **gr. RR- tot 2-leerders** se atletiek- voetwerk- en balvaardigheid reg deur die jaar ontwikkel. Daar is nie baie geleentheid vir hierdie groep leerders deur die jaar nie en die geleentheid is geskik om hulle voor te berei wanneer hulle kompeterend begin deelneem teen ander skole in gr. 3.

Ons **Ramme-aand** het weer eens gewys dat die pa's en hul vriende getroue ondersteuners is van Laerskool Eureka. Hierdie jaar gaan die biltongkaste weer vol gestop wees en wil ons vir elke koper bedank. Jul finansiële ondersteuning gaan verseker dat onderrig by Eureka net na hoër hoogtes sal skuif.

Op die sportveld het die netbal en rugby die afgelope naweek hul staal by **Laerskool Staats se sportdag** gewys en met elke wedstryd verbetering getoon. Dankie aan elke afrigter wat die hitte trotseer het en met passie die leerders aangemoedig het. Dankie aan elke ouer vir julle ondersteuning. Sterkte aan die 0/13 rugby- en netbalspan wat **Vrydag by Hoërskool Diamantveld** deelneem. Ons hou duimvas en weet dat dit goed sal gaan.

Ons wil ook sterkte toewens aan die 0/11A en 0/13A rugbyspanne en 0/12A- en 0/13A-netbalspanne wat volgende Woensdag, 22 Maart tot Vrydag, 24 Maart na **Bloemfontein** vertrek vir hul **rugby- en netbaltoer**. Weet verseker dat ons

agter julle staan met elke wedstryd.  Baie dankie ook aan menere Stiaan, Hansie, Johan, Willie, Ollie en juffrouens Lea-Ann en  Elri en Tannie Martie wat hulle sal vergesel.

Ons herinner u net weer aan ons eerste kuiergeleentheid wat plaasvind op Woensdag, 29 Maart wanneer ons op die rugbyveld gaan uitspan en terugdink aan die **"In-ry-fliek-aande"**. Kom ontspan met 'n piekniekmandjie en kombers saam met die gesin.  Die kostes is R25 per persoon, maar vir voorskool, gr. RR en gr. R is toegang gratis.  Die hekke open om 18:00.  Kaartjies kan ook vooraf gekoop word deur 'n EFT-betaling te maak met die korrekte verwysing, bv. E Venter 5H Fliek.  Onthou asb. om u bestelling van verversings te plaas op die skakel wat op whatsApp vir u aangestuur sal word.

Die skool het slegs een rekening en daarom is die **verwysing vir inbetalings** baie belangrik.  U moet u kind se voorletter, van, klas, asook waarvoor die betaling gemaak word, aandui.

Ons herinner u ook aan die **langnaweek** eerskomende Maandag, 20 en Dinsdag, 21 Maart.  Vrydag, 17 Maart is 'n gewone skooldag en die leerders kom gewone tye uit.  Daar sal nie 'n inligtingsbrief verskyn op Vrydag, 24 Maart nie, maar wel Vrydag, 31 Maart wanneer die skool om 10:30 sluit vir die eerste kwartaal.

Diegene wat reeds aansoek gedoen het vir **kwytskelding** kan hul briewe Woensdag, 22 Maart by Michelle Matthys afhaal.

Wat die **Redenaars** aanbetref, moet die toesprake teen Vrydag, 24 Maart opgelaai wees op die webwerf.  Die inskrywings sluit op 24 Maart.

Vind ook aangeheg 'n **dankie-sê briefie** van die gr. 4-leerders vir die nuwe lugversorgers wat by die gr. 4-klasse geïnstalleer is.

'n Brokkie van Laerskool Eureka se geskiedenis volg.

Eureka-groete

Dr. Etienné Venter
SKOOLHOOF

Die inskrywings was hoër as wat verwag was en gedurende die eerste dag het die sekretaris van die skoolraad die hoof verwittig dat ons nog 'n personeellid kan kry. Die volgende oggend het mev. K. Howell by ons aangesluit en die Sub. A-leerlinge is verdeel. Onder die nuwe leerlinge was twee van st. 5. Hulle ouers het vrywillig besluit om hulle na hulle vorige skole te stuur.

Baie leerlinge het op die eerste oggend al hulle skooldrag gehad. Prefekte is gekies en **Willem van der Nest** is as die eerste hoofseun aangewys. Die eerste hoofmeisie was **Dalene de** Jager. **Die eerste inskrywing was Gerdus Bergh.** Hy was 'n sub. A-leerling en in die toelatingsregister is sy naam regoor nommer een. So saam met al die werk moes mnre. Pienaar en Bergh aan die atletiekbaan ook aandag gee. Gelukkig was daar heelparty gewillige ouers wat hulp aangebied het.

Ons het probeer om 'n 100% deelname aan ons atletiekbyeenkoms te kry. Die grasbedekking was nog nie geskik nie en die eerste byeenkoms het op die baan van Hoërskool Adamantia plaasgevind. Omdat ons nie van kleure gebruik wou maak nie, is die leerlinge in **Koedoes** en **Gemsbokke** verdeel. Twee inheemse boksoorte van Noord-Kaapland. Vir die beste seuns- en meisie-atleet het Sophie en Louis Pienaar 'n klein bekertjie geskenk. Die Waaksaamheidskomitee het 'n pragtige groot beker geskenk vir die wenspan.

Nadat oor die skoolwapen besluit is, kon die fabrikant opdrag kry om die kleurbaadjies te vervaardig. Die baadjies sou vir 1972 gereed wees. Die leuse is SLEGS DIE BESTE. Omsendbriewe is gereeld aan ouers gestuur.

Die eerste **skoolkomitee** is op **19 Februarie 1971** verkies. Die ouers het die verkiesing in groot getalle bygewoon. Die eerste skoolkomitee was:

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. | G.H. Venter | - Voorsitter |
| Adv. | M.D.J. Steenkamp | |
| Mevv. | E.H. Hugo | |
| | R. Pienaar | |
| Mnre. | S.G. Brits | |
| | J. Schoonraad | |
| | L.M. Engelbrecht | |

Omdat ons gesteld was op 'n hoë bywoning, is bywoningskaartjies laat druk. Verjaardagkaartjies is ook gedruk. 'n Leerling het dan met sy verjaarsdag so 'n kaartjie ontvang.

Mnr. en Mev. P.M. Booysen het 'n beker geskenk vir die klas met die hoogste bywoning.



**BAIE DANKIE**

**VIR DIE NUWE**

**LUGVERSORGERS**

**IN DIE GR. 4 - KLASSE**